**BUITENGEWONE**

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

**EXTRAORDINARY**

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG | PUBLISHED BY AUTHORITY

10c | Dinsdag 18 April 1978 | WINDHOEK | Tuesday 18 April 1978 | No. 3739

INHOUD: *Bladsy*

**GOEWERMENTSKENNISGEWING:**

No. 96 Munisipaliteit van Swakopmund: Wysiging van Regulasies op Elektrisiteitslewering................. 465

CONTENTS: *Page*

**GOVERNMENT NOTICE:**

No. 96 Municipality of Swakopmund: Amendment of Electricity Supply Regulations........................ 465

## Goewermentskennisgewing

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

H. P. F. GOUS,
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Administrasie van Suidwes-Afrika.
Windhoek.

No. 96] [18 April 1978

MUNISIPALITEIT VAN SWAKOPMUND
WYSIGING VAN REGULASIES OP ELEKTRISITEITSLEWERING

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 243 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die volgende wysiging goedgekeur van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 331 van 1952 soos gewysig by Goewermentskennisgewings 349 van 1952, 234 van 1958, 204 van 1959, 233 van 1960, 203 van 1962, 205 van 1974, 121 van 1975, 20, 150 en 192 van 1976 en 241 van 1977.

*Vervang Hoofstuk VII deur die volgende:*

"HOOFSTUK VII

1. *Tariewe en heffings*

(a) Alle gelde, heffings en deposito's waarvoor daar in hierdie tariewe en gelde voorsiening gemaak

## Government Notice

The following Government Notice is published for general information.

H. P. F. GOUS,
*Secretary for South West Africa.*

Administration of South West Africa
Windhoek.

No. 96] [18 April 1978

MUNICIPALITY OF SWAKOPMUND
AMENDMENT OF ELECTRICITY SUPPLY REGULATIONS

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 243 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) approved the following amendment of the regulations promulgated by Government Notice 331 of 1952 as amended by Government Notices 349 of 1952, 234 of 1958, 204 of 1959, 233 of 1960, 203 of 1962, 205 of 1974, 121 of 1975, 20, 150 and 192 of 1976 and 241 of 1977.

*Substitute the following for Chapter. VII:*

"CHAPTER VII

1. *Tariffs and charges*

(a) All charges, fees and deposits provided for under these tariffs and charges shall be payable at the

word, is aan die Raad betaalbaar by die Munisipale Kantoor, Swakopmund.

(b) In elke geval waar die klassifikasie van die verbruikers of die tariewe en heffings in twyfel getrek word, besluit die Elektrotegniese Stadsingenieur omtrent die tariewe en heffings wat toegepas moet word. Indien die verbruiker met die besluit van die Elektrotegniese Stadsingenieur ontevrede is, kan hy by die Raad skriftelik aansoek doen om die hersiening daarvan en die Raad se besluit is afdoende.

2. *Woordomskrywings*

(a) 'n "Maand" beteken, vir die doeleindes van hierdie tariewe, 'n tydperk van ongeveer 30 dae, wat ooreenstem met die tydperk tussen twee agtereenvolgende lesings van die meter.

(b) "Stroombeperker" beteken 'n stroomonderbreker soos deur die Ingenieur goedgekeur;

(c) "Minimum heffing" beteken die aanvraagheffing of die diensgeld wat maandeliks betaalbaar is afgesien daarvan of daar elektriese energie verbruik is of nie;

(d) "Verbruiker" beteken 'n eienaar of bewoner wat aansoek doen by die Raad om elektrisiteitstoevoer na sy perseel, met dien verstande dat 'n enkele persoon of 'n gemeenskap wat gehuisves is of wat sake doen op afsonderlike rekening, soos die Raad mag bepaal, sodanige aansoek om elektrisiteitstoevoer moet doen;

(e) "Maksimum verklaarde aanvraag" beteken die maksimum verwagte belasting wat deur die verbruiker verklaar moet word en waarvolgens die toevoer bereken sal word.

3. *Stroombeperkertariewe*

(a) Die Raad stel miniatuurstroombeperkers beskikbaar in 'n reeks ampére-vermoëns wat normaalweg veelvoude van vyf is, met 'n minimum en 'n maksimum vermoë soos in die Tariewe aangegee, of hoër soos deur die Elektrotegniese Stadsingenieur toegestaan.

(b) By die toepassing van stroombeperkertariewe het die Raad die reg om van verbruikers te verlang om te vermeld welke sterkte stroombeperkers verlang word om die installasie te beheer. Indien 'n verbruiker versuim om die verlangde sterkte te vermeld, kan die Raad die installasie deur 'n stroombeperker of stroombeperkers met 30A vermoë laat aansluit en die gelde dienooreenkomstig hef.

(c) Indien die verbruiker binne 'n tydperk van twaalf maande nadat hy ingevolge die stroombeperker-

Municipal Offices, Swakopmund.

(b) Where the classification of a consumer or where the tariffs and charges are doubtful, the Town Electrical Engineer shall decide on the tariffs and charges to be applied. Should the consumer not be satisfied with the decision of the Town Electrical Engineer, he may apply in writing to the Council for review thereof and the Council's decision shall be final.

2. *Definitions*

(a) A "month" for the purpose of these tariffs, shall mean a period of approximately 30 days corresponding to the period between two consecutive meter readings;

(b) "Current limiter" shall mean a circuit breaker approved by the Engineer;

(c) "Minimum Charge" shall mean the demand charge or service charge which shall be payable monthly, irrespective of whether energy has been consumed or not;

(d) "Consumer" shall mean an owner or occupier making application to the Council for a supply of electricity to his premises, provided that an individual or a community which forms a household or does business on separate account, as the Council may decide, must make such an application for a supply of electricity;

(e) "Declared maximum demand" shall mean the expected maximum load which must be declared by the consumer and according to which the supply will be calculated.

3. *Current limiter tariff*

(a) Miniature current limiters shall be made available by the Council in a range of ampere ratings which shall normally be multiples of 5 with a minimum and a maximum rating as stated in the tariffs, or higher if agreed to by the Town Electrical Engineer;

(b) When applying current limiter tariffs, the Council shall have the right to require consumers to state the capacity of the current limiters required. Should a consumer not state the rating required, the Council may cause the installation to be connected through a current limiter with a rating of 30A and levy the charges accordingly.

(c) If during the course of a twelve months' period after connection under this scale, the selected

tarief aangeskakel is, sou vind dat die gekose vermoë onbevredigend is, kan hy by die Stadstesourier aansoek doen om 'n stroombeperker met 'n ander sterkte. Sodanige ander stroombeperkers word dan kosteloos geïnstalleer. Indien verdere veranderinge van stroombeperkers verlang word, word sodanige veranderings gedoen teen 'n koste van R2,00 elk. Na verstryking van die bogemelde twaalf maande word stroombeperkers slegs op die volgende voorwaardes vervang:

(i) 'n Skriftelike aansoek, vergesel van 'n bedrag van R2,00 moet aan die Stadstesourier gerig word.

(ii) Sodanige aansoek word slegs na verloop van ses maande na die datum daarvan toegestaan, behalwe in spesiale gevalle waar dit ten genoeë van die Elektrotegniese Stadsingenieur bewys kan word dat daar sodanige verandering in die geïnstalleerde vermoë van die installasie plaasgevind het, dat 'n ooreenstemmende verandering in die sterkte van die stroombeperker geregverdig is.

4. *Aan- of afsluitings*

(a) In enige geval waar 'n verbruiker se installasie aan- of afgesluit word op 'n dag wat tussen twee agtereenvolgende lesings van die meter val, sal die vaste heffing bereken word op 'n pro rata basis van die maandelikse vaste heffing waarby die aantal dae van die maand waartydens die verbruiker se installasie aangesluit was, deur 30 gedeel word.

(b) Waar 'n verbruiker se installasie afgesluit word weens wanbetaling of inbreuk op die regulasies, is die volle minimum heffing vir die maand betaalbaar. By heraansluiting van die installasie sal die vaste heffing betaalbaar bereken word soos onder (a) bo genoem.

5. *Tariewe*

(a) *Tarief 1 — Huishoudelike verbruikers*

Vir bona fide-huishoudelike verbruikers word elektrisiteit voorsien vir net huishoudelike doeleindes teen 220 V enkelfase.

(i) *Aanvraagheffing*

Elke verbruiker moet 'n maandelikse aanvraagheffing betaal in ooreenstemming met die volgende skaal wat gebaseer is op die nominale sterkte van die munisipale stroombeperker, waardeur alle stroom wat in die verbruiker se installasie verbruik word, moet gaan:

rating is found by the consumer to be unsuitable, application may be made to the Town Treasurer for a current limiter of a different rating. Such current limiter shall be installed free of charge. If further changes of current limiters are desired, such changes shall be carried out at a cost of R2,00 each. After expiry of the twelve months referred to above, current limiters shall only be replaced under the following conditions:

(i) A written application accompanied by a payment of R2,00 must be submitted to the Town Treasurer.

(ii) Such application shall only be acceded to after the lapse of a period of six months from the date of application, except in special cases, where it can be shown, to the satisfaction of the Town Electrical Engineer, that a change in the connected load of the installation justifies a proportional change in rating of the current limiter.

4. *Connections and disconnections*

(a) In the event of a consumer's installation being connected or disconnected on a day which falls between the days on which consecutive monthly meter readings are taken, the fixed charge for the part of the month up to the reading of the meter, shall be a fraction of the monthly fixed charge, such fraction being the number of days of the month during which the consumer's installation is connected, divided by 30.

(b) Where a consumer's installation is disconnected as a result of non-payment or an infringement of the regulations, the full basic charge shall be payable. When the installation is reconnected the fixed charge payable shall be calculated as stated under (a) above.

5. *Tariffs*

(a) *Tariff 1 — Domestic consumers*

For bona fide domestic consumers, electricity shall be supplied for domestic purposes only, at 220 V single phase.

(i) *Demand charge*

Each consumer shall pay a monthly demand charge in accordance with the following scale, based on the nominal rating of municipal current limiter through which all current consumed at the consumer's installation shall pass:

| *Stroombeperker-vermoë* | *Maandelikse aanvraagheffing* |
|---|---|
| 20A | R10,00 |
| 25A | R11,00 |
| 30A | R12,00 |
| 35A | R13,00 |
| 40A | R14,00 |
| 45A | R15,00 |

(ii) *Energieheffing*

Bo en behalwe die aanvraagheffing word 'n bedrag van R0,0485 per kWh vir verbruikte energie gehef.

(iii) *Minimum heffing*

Die maandelikse minimum heffing is gelyk aan die aanvraaggelde soos in paragraaf (a)(i) genoem.

(b) *Tarief 2 — Algemene verbruikers*

Vir elektrisiteitstoevoere teen 380/220 V enkelfase of driefase aan alle verbruikers wat kragtoevoer kragtens hierdie tarief verlang.

(i) *Aanvraagheffing*

Elke verbruiker moet 'n maandelikse aanvraagheffing betaal in ooreenstemming met die volgende skaal wat gebaseer is op die nominale sterkte van die munisipale stroombeperker, waardeur alle stroom wat in die verbruiker se installasie verbruik word, moet gaan:

| *Stroombeperker-vermoë per fase* | *Maandelikse aanvraagheffing* *Enkelfase* | *Driefase* |
|---|---|---|
| 15A | R10,00 | R30,00 |
| 20A | R11,00 | R33,00 |
| 25A | R12,00 | R36,00 |
| 30A | R13,00 | R39,00 |
| 35A | R14,00 | R42,00 |
| 40A | R15,00 | R45,00 |
| 45A | R16,00 | R48,00 |

(ii) *Energieheffing*

Bo en behalwe die aanvraagheffing word 'n bedrag van R0,0535 per kWh vir verbruikte energie gehef.

(iii) *Minimum heffing*

Die maandelikse minimum heffing is gelyk aan die aanvraaggelde soos in paragraaf (b)(i) genoem.

| *Current limiter rating* | *Monthly demand charge* |
|---|---|
| 20A | R10,00 |
| 25A | R11,00 |
| 30A | R12,00 |
| 35A | R13,00 |
| 40A | R14,00 |
| 45A | R15,00 |

(ii) *Energy charge*

In addition to the demand charge, all energy consumed shall be charged at R0,0485 per kWh.

(iii) *Minimum charge*

The minimum monthly charge shall be equal to the demand charge as provided for in Paragraph (a)(i).

(b) *Tariff 2 — General consumers*

For the supply of electricity at 380/220V single or three phase to all consumers desiring supply under this tariff.

(i) *Demand charge*

Each consumer shall pay a monthly demand charge in accordance with the following scale, based on the nominal rating of the municipal current limiter through which all current consumed at the consumer's installation shall pass:

| *Current limiter rating per phase* | *Monthly demand charge* *Single phase* | *Three phase* |
|---|---|---|
| 15A | R10,00 | R30,00 |
| 20A | R11,00 | R33,00 |
| 25A | R12,00 | R36,00 |
| 30A | R13,00 | R39,00 |
| 35A | R14,00 | R42,00 |
| 40A | R15,00 | R45,00 |
| 45A | R16,00 | R48,00 |

(ii) *Energy charge*

In addition to the demand charge all energy consumed shall be charged at R0,0535 per kWh.

(iii) *Minimum charge*

The minimum monthly charge shall be equal to the demand charge as provided for in Paragraph (b)(i).

(a) *Tarief 3 — Kleinverbruikers*

Vir elektrisiteitstoevoer teen 220 V enkelfase of 380/220 V driefase aan alle verbruikers wat kragtoevoer kragtens hierdie tarief verlang.

(i) *Aanvraagheffing*

Elke verbruiker moet 'n maandelikse aanvraagheffing betaal in ooreenstemming met die volgende skaal wat gebaseer is op die nominale sterkte van die munisipale stroombeperker, waardeur alle stroom wat in die verbruiker se installasie verbruik word, moet gaan:

| *Stroombeperker-vermoë* | *Maandelikse aanvraagheffing Enkelfase* | *Driefase* |
|---|---|---|
| 15A | R1,50 | R 4,50 |
| 30A | R3,00 | R 9,00 |
| 45A | R4,50 | R13,50 |

(ii) *Energieheffing*

Bo en behalwe die aanvraagheffing word 'n bedrag van R0,0885 per kWh vir verbruikte energie gehef.

(iii) *Minimum heffing*

Die maandelikse minimum heffing is gelyk aan die aanvraagheffing soos in paragraaf (i) van Tarief 3 genoem plus 'n energieheffing soos in paragraaf (c)(ii) beskryf vir 'n verbruik van 50 kWh.

(d) *Tarief 4 — Grootmaatverbruikers*

Vir elektrisiteitstoevoere teen 380/220 V of 11 kV driefase aan alle verbruikers wat kragtoevoer kragtens hierdie tarief verlang.

(i) *Aanvraagheffing*

Elke verbruiker moet 'n maandelikse aanvraagheffing soos volg bereken betaal:

(a) Waar 'n kVA aanvraagmeter geïnstalleer is, is die heffing R4,40 per kVA of gedeelte daarvan geregistreer gedurende enige tydperk van 30 minute gedurende die maand deur middel van 'n tipe aanvraagmeter, wat deur die Elektrotegniese Stadsingenieur goedgekeur word.

(b) Waar stroombeperkers volgens die verbruiker se keuse geïnstalleer is om die aanvraag te beheer, is die maandelikse heffing R0,85 per ampère van die

(c) *Tariff 3 — Small consumers*

For the supply of electricity at 220V single phase or 380/220 V three phase to all consumers desiring supply under this tariff.

(i) *Demand charge*

Each consumer shall pay a monthly demand charge in accordance with the following scale, based on the nominal rating of the municipal current limiter through which all current consumed at the consumer's installation shall pass:

| *Current limiter rating per phase* | *Monthly demand charge Single phase* | *Three phase* |
|---|---|---|
| 15A | R1,50 | R4,50 |
| 30A | R3,00 | R9,00 |
| 45A | R4,50 | R13,50 |

(ii) *Energy charge*

In addition to the demand charge, all energy consumed shall be charged at R0,0885 per kWh.

(iii) *Minimum charge*

The minimum monthly charge shall be equal to the demand charge as provided for in paragraph (c)(i), plus an energy charge as provided for in Paragraph (c)(ii) for a consumption of 50 kWh.

(d) *Tariff 4 — Bulk consumers*

For the supply of electricity at 380/220 V or 11 kV three phase to all consumers desiring supply under this tariff.

(i) *Demand charge*

Every consumer shall pay a monthly demand charge calculated as follows:

(a) Where a kVA maximum demand meter is installed, the monthly demand charge is R4,40 per kVA or part thereof registered during any period of 30 minutes during the month by means of a demand meter of a type approved by the Town Electrical Engineer.

(b) Where current limiters have been installed in accordance with the wishes of the consumer, in order to control the demand of the installation, the charge

opgesomde stroombeperkervermoë per fase.

(ii) *Energieheffing*

(a) Bo en behalwe die aanvraagheffing word by elektrisiteitstoevoere teen 380/220 V 'n bedrag van R0,0485 per kWh vir verbruikte energie gehef.

(b) Vir elektrisiteitstoevoere teen 11kV sal 'n korting van 5% toegestaan word op die prys per kWh in (a) bo genoem.

(iii) *Minimum heffing*

(a) Waar aanvraagmeters geïnstalleer is, is die minimum heffing per maand 70% van die bedrag betaalbaar ten opsigte van die hoogste aanvraag aangeteken gedurende enige vorige enkele maand, maar nooit minder as die aanvraagheffing vir 30 kVA maksimum aanvraag.

(b) Waar stroombeperkers geïnstalleer is, bedra die minimum heffing die aanvraagheffing, maar nooit minder as die aanvraagheffing op 'n gesamentlike stroombeperkervermoë van 135A. (3 x 45A).

(e) *Tarief 5 — Spesiale ooreenkomste*

Nieteenstaande enige van die bogenoemde tariewe en heffings, kan die Munisipaliteit enige spesiale ooreenkoms aangaan vir verskaffing van elektriese krag.

(f) *Tarief 6 — Diensgelde*

Van toepassing op onbeboude erwe en installasies wat om enige rede nie tot die munisipale elektrisiteitsnetwerk aangesluit is nie. Die heffing per maand is R0,007 per m$^2$ wat die hele oppervlakte van die erf beslaan, maar nie minder nie as 'n heffing vir 'n erf wat 'n oppervlakte van 1 000 m$^2$ beslaan.
Die diensgelde is verhaalbaar van die installasie- of erfeienaar.

(g) *Diverse heffings*

(i) *Tydelike aansluitings of afsluitings*

(a) Vir aansluiting wanneer ooreenkoms vir toevoer met die Raad aangegaan word

shall be based on the indicated ratings per phase of the current limiter and shall be charged for at the rate of R0,85 per A.

(ii) *Energy charge*

(a) In addition to the demand charge where electricity is supplied at 380/220 V an amount will be charged at R0,0485 per kWh of consumed energy.

(b) Where electricity is supplied at 11 kV a discount of 5% will be granted on the amount per kWh stated under (a) above.

(iii) *Minimum charge*

(a) Where demand meters are installed, the minimum charge per month shall be 70% of the amount payable in respect of the highest demand recorded during any previous one month, but never below the demand charge for a maximum demand of 30 kV.

(b) Where current limiters are installed, the minimum charge shall be equal to the demand charge, but never below a demand charge for the summated ratings of the current limiters of 135 A (3 x 45A).

(e) *Tariff 5 — Special agreements*

Notwithstanding any of the foregoing tariffs and charges, the Municipality may enter into any special agreement for the supply of electricity.

(f) *Tariff 6 — Service charges*

Applicable to unbuilt sites and to installations which for any reason, are not connected to the municipal electrical distribution system.

The amount payable per month is R0,007 per m$^2$ of the whole surface area of the erf, but not below the charge for an erf covering an area of 1 000 m$^2$.

The amount for service charges is payable by the erf or installation owner.

(g) *Miscellaneous charges*

(i) *Temporary disconnection and reconnection*

(a) For connection on entering into agreement of supply with the Council

(i) Gedurende kantoorure R2,00

(ii) Na kantoorure R4,00

(b) Vir afsluiting wanneer ooreenkoms met die Raad beëindig word

(i) Gedurende kantoorure R2,00

(ii) Na kantoorure R4,00

(c) Vir tydelike afsluiting deur die verbruiker verlang R2,00

(d) Vir heraansluiting na afsluiting soos in (c) beskryf R2,00

(e) Vir heraansluiting na afsluiting weens wanbetaling van rekeninge of weens kontrakbreuk R6,00

(ii) *Spesiale meterlesing*

Waar 'n spesiale meterlesing op versoek van die verbruiker uitgevoer word weens die feit dat die juistheid van 'n lesing in twyfel getrek word, dog waar die lesing desnieteenstaande juis bevind word R1,00.

(iii) *Toets van meters en stroombeperkers*

(a) *Meters*

Indien die verbruiker op enige tydstip ontevrede is met enige lesing op enige meter wat deur die Raad verskaf is, en indien hy verlang dat die meter getoets moet word, moet hy binne tien dae na die einde van die maand waarin die lesing geneem is, skriftelik by die Raad aansoek doen, en nadat 'n deposito van R4,00 deur hom betaal is, word die meter deur die Raad getoets.

Indien daar bevind word dat die meter juis registreer, word die deposito verbeur; blyk dit egter dat die meter foutief is, word die deposito terugbetaal, die meter word herstel en kosteloos heraangesluit.

Die meter word as juis beskou as dit nie meer as 2,5% te vinnig of te stadig is nie.

(b) *Stroombeperkers*

Indien die verbruiker op enige tydstip ontevrede is met die aangegewe vermoë van die stroombeperker wat sy toevoer beheer, moet hy skriftelik by

(i) during office hours R2,00

(ii) after office hours R4,00

(b) For disconnection on termination of such agreement with the Council

(i) during office hours R2,00

(ii) after office hours R4,00

(c) For temporary disconnection required by consumers R2,00

(d) For connection following disconnection as described in (c) R2,00

(e) For reconnection following disconnection for non-payment of account or for breach of contract R6,00

(ii) *Special reading of meter*

Where a special reading of the meter is done at the request of the consumer questioning the accuracy of a reading, if the reading is found to have been correct, the charge is R1,00.

(iii) *Testing of meters and current limiters*

(a) *Meters*

If the consumer shall at any time be dissatisfied with any reading of a meter supplied by the Council and shall be desirous of having the meter tested, he shall apply in writing to the Council within 10 days of the last day of the month during which the reading was taken, and, on payment of a deposit of R4,00, the meter shall be tested by the Council.

If the meter is found to be registering correctly, the deposit shall be forfeited; if the meter is proved incorrect, the Council shall refund the deposit, repair the meter and reconnect it without charge. The meter shall be considered to be registering correctly if the error is not more than 2,5% either way.

(b) *Current limiters*

If the consumer is at any time not satisfied with the accuracy of the rating of the current limiter controlling his installation, he shall apply in

die Raad aansoek doen, en nadat hy 'n deposito van R4,00 betaal het, word die stroombeperker deur die Raad getoets. Indien daar bevind word dat die stroombeperker juis funksioneer, word die deposito verbeur; blyk dit egter dat die stroombeperker nie juis is nie en minder stroom deurlaat as die aangegewe vermoë, word die deposito terugbetaal en 'n stroombeperker met die juiste sterkte kosteloos geïnstalleer. Daar word aangeneem dat die dravermoë van 'n stroombeperker juis aangegee is as dit die volle gemerkte stroom vir 'n onbepaalde tyd dra. (Vir (toetsdoeleindes word aangeneem dat aan hierdie voorwaarde voldoen is as die stroombeperker die volle gemerkte stroom vir 'n tydperk van een uur dra sonder om uit te skakel).

(iv) *Opsporing en herstelling van foute*

Waar werknemers van die Raad uitgeroep word om foute ten behoewe van 'n verbruiker op te spoor en reg te stel, is die heffing soos volg:

(a) Indien die werk gedurende amptelike diensure uitgevoer word, R2,00 per aansoek.

(b) Indien die werk buite amptelike diensure uitgevoer word, R4,00 per besoek.

(v) *Herstelling van seël*

Die herstelling van 'n munisipale seël nadat dit deur 'n onbevoegde persoon gebreek is, kos R10,00.

(vi) *Installasiekoste vir huishoudelike en algemene verbruikers*

Die heffing ten opsigte van die aansluiting van persele, die installering van meters, en so meer, is soos volg:

(a) Die munisipale meters en die stroombeperkers word kosteloos geïnstalleer in 'n meterbord wat deur die eienaar van die installasie voorsien moet word en wat deur die Ingenieur goedgekeur is en gemonteer is in 'n posisie deur die Ingenieur aangedui.

(b) Kabeldiensaansluitings (bogrondse aansluitings sal nie meer gedoen word nie):

Die koste vir 'n normale aansluiting word op R30 gemiddeld beraam, wat

writing to the Council, and on payment of a deposit of R4,00, the current limiter shall be tested by the Council.

If the current limiter is found to be operating correctly, the deposit shall be forfeited; if the current limiter is found to be operating incorrectly, allowing less current than the normal rating, the deposit shall be refunded and a correctly rated current limiter installed without charge.

A current limiter shall be deemed to be correctly rated if it carries full rated current indefinitely. (For test purposes this requirement shall be deemed to be met if the current limiter carries full rated current for a period of one hour without tripping).

(iv) *Location and rectification of faults*

Where employees of the Council are called upon to rectify faults for consumers, the charges shall be:

(a) if work is done during official working hours R2,00 per call;

(b) if work is done outside official working hours R4,00 per call.

(v) *Replacing of seal*

Penalty for breaking of a municipal seal by an unauthorised person R10,00.

(vi) *Installation charges for domestic and general consumers*

For making connection and installing meters, etc., to premises the charges shall be as follows:

(a) The municipal meters and current limiters will be installed free of charge in a meter board which is to be provided by the owner of the installation as approved by the Engineer and mounted in a position indicated by the Engineer.

(b) Service connections by means of underground cable (overhead service connections will no more be installed):

The average estimated cost of a normal connection is R30 based on the actual cost

die werklike koste van alle materiaal, arbeid en vervoer, plus 15% administratiewe heffing insluit.

Alle aansoeke om nuwe aansluitings moet deur 'n gelisensieerde elektriese aannemer by die Elektrotegniese Stadsingenieur gedoen word. Die beraamde aansluitingskoste moet by die Stadstesourier betaal word, minstens 48 uur voor die aansluiting verlang word.

(vii) *Installasiekoste vir grootmaatverbruikers*

(a) Die munisipale meettoerusting word kosteloos geïnstalleer in posisies en in meterborde wat deur die eienaar van die installasie voorsien moet word soos deur die Ingenieur goedgekeur.

(b) Die aansluiting by die kragverspreidingstelsel sal deur die eienaar van die installasie betaal moet word soos onder (vi)(b) genoem.

(c) Waar die geraamde belasting, bereken volgens die bedradingsregulasies 30 kVA oorskry, sal soos met die Elektrotegniese Ingenieur ooreengekom die verbruiker verantwoordelik gehou word om die koste te dra vir 'n spesiale aansluiting of om kosteloos 'n geskikte plaasruimte in vorm van 'n substasie te voorsien vir die huisvesting van die Raad se toerusting.

Die Raad behou die reg voor om elektrisiteit aan ander verbruikers in die omgewing uit so 'n substasie te lewer.

(d) Die eienaar van die installasie moet 'n maksimum aanvraag vir sy installasie verklaar en 'n hoof-stroombeperker daarvolgens op sy verspreidingsbord voorsien. Mits die aanvraag die maksimum verklaarde aanvraag oorskry, sal 'n verhoogde maksimum aanvraag verklaar moet word en die installasiekoste, as van toepassing, betaalbaar wees om die verhoogde aanvraag te voorsien.

(viii) *Diverse dienste*

Ten opsigte van werk en dienste deur die Raad uitgevoer en gelewer, waar sodanige werk en dienste nie deur enigeen van die

of material, labour and transport plus 15%. All applications for new connections shall be made to the Town Electrical Engineer by a Licenced Electrical Contractor. The charges shall be paid to the Town Treasurer at least 48 hours before connection is required.

(vii) *Installation charges for bulk consumers*

(a) The municipal metering equipment will be installed in positions and in meter boards which must be provided by the owner of the installation as approved by the Engineer.

(b) The connection to the distribution system must be paid for as stated in section (vi)(b) above.

(c) Where the estimated load calculated in accordance with the wiring regulations exceeds 30 kVA, the consumer shall, as agreed to by the Electrical Engineer, be responsible to carry the costs for a special connection or shall provide suitable accommodation in form of a substation for the housing of the Council's equipment.

The Council shall have the right to supply electricity to other consumers in the vicinity from such substation.

(d) The owner of the installation shall declare a maximum demand for his installation and must provide a main current limiter in his distribution board rated accordingly. If the actual maximum demand exceeds the declared maximum demand, then an increased maximum demand must be declared. In this case the owner of the installation must pay, if applicable, the installation costs to make provision for the increased demand.

(viii) *Miscellaneous services*

For work done and services rendered by the Council, where such work done or services are not chargeable under any of the

voorgaande tariewe gedek word nie, is die heffing van die werklike koste van die materiaal, arbeid en vervoer, plus 'n toeslag van 15% om administratiewe uitgawes te dek

(ix) *Deposito's*

Alle deposito's word gehef volgens die Munisipale Ordonnansie 13 van 63 Artikel 166 (3)(b).

6. *Algemene bepalings*

(a) Die eiendomsregte van enige toerusting en materiale tot by die toevoerpunt aan die verbruiker se elektriese installasie, die uitgaande klemme van die meter of meettoerusting, berus by die Raad onafhanklik of die materiale en toerusting wat geïnstalleer is deur die verbruiker, betaal is of nie.

(b) In alle gevalle van twyfel met betrekking tot hierdie tariewe en die voorwaardes wat vir die toepassing daarvan neergelê is, is die besluit van die Raad afdoende.

(c) Indien die Raad sou vind dat die voorwaardes van enige ooreenkoms vir die verskaffing van elektrisiteit wesentlik verander het, of dat die verbruiker op enige wyse nie aan die voorwaardes van die ooreenkoms voldoen nie, kan die Raad heffings ten opsigte van verbruikte stroom maak teen sodanige skaal ingevolge hierdie regulasies soos, na die Raad meen, van toepassing is vanaf die datum waarop die genoemde voorwaardes verander of blykbaar verander het, en die betrokke verbruiker word verplig om sodanige heffings te betaal.

(d) Waar 'n verbruiker 'n huurder van persele is en waar sodanige verbruiker versuim om enige heffing volgens die toepaslike tarief te betaal, het die Raad die reg om die uitstaande gelde van die eienaar van die persele in te vorder.

(e) In die geval van installasie waar die eienaar of verbruiker nog nie aansoek gedoen het om 'n besondere tarief nie, het die Raad die reg om te besluit onder watter tarief sodanige installasie ressorteer en om diensgelde dienooreenkomstig te hef."

preceding tariffs, the charge shall be the actual cost of material, labour and transport, plus 15% to cover overhead costs.

(ix) *Deposits*

All deposits shall be paid under the Municipal Ordinance 13 of 1963, Section 166(3)(b).

6. *General provisions*

(a) The rights of ownership of any equipment and materials up to the point of supply to the consumer's installation, the outgoing terminals of the meter or the metering equipment, shall vest in the Council irrespective of the consumer having paid for the installed materials and equipment.

(b) In all cases of doubt in any matter relating to these tariffs and the conditions laid down for the application of these tariffs, the decision of the Council shall be final.

(c) Should the Council find that the conditions of the agreement for the supply of electricity have materially altered, or that the consumer does not comply with the agreement in any way, it shall be lawful for the Council to charge, and the consumer concerned shall be liable to pay, for the consumption at such scale under these regulations as may, in the opinion of the Council, be applicable as from such date as the conditions aforesaid were changed or appear to the Council to have been changed.

(d) Where the consumer rents a property and where such consumer fails to pay the levy in accordance with the respective tariff, the Council shall have the right to recover the outstanding moneys from the owner of the property.

(e) In the case of installations where the owner or consumer has not yet applied for a particular tariff, the Council shall have the right to decide which tariff is applicable and to levy the demand charge accordingly."

Gedruk deur en verkrygbaar by
Die Suidwes-Drukkery Beperk,
Posbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed and obtainable from
The Suidwes-Drukkery Beperk
P.O. Box 2196, Windhoek.
South West Africa.